

HOOFSTUK 5

SAMEWERKING TUSSEN DIE GEREFORMEERDE- EN N.G. KERK IN ARGENTINIË

1. Die Gereformeerdes gaan voort op die ingeslane weg

Die Gereformeerdes in Chubut het sedert die terugkeer van dr. Van Lonkhuijzen in 1908 nog altyd die begeerte gekoester om sodra Buenos Aires 'n predikant kry, ook deur hom bedien te word.

In 1910 het die gemeente Buenos Aires toe 'n predikant gekry in die persoon van ds. A.C. Sonneveldt.

1.1. Ds. Antonie Cornelis Sonneveldt — Wie was hy?

Na sy terugkeer in Nederland, het dr. J. van Lonkhuijzen hom geweldig beywer vir die bestending van die Argentynse kerke.¹⁾ Die kroon op sy arbeid, so word dit deur J.A.C. Rullmann bestempel, was dat hy die uitsending van ds. A.C. Sonneveldt bewerkstellig het.²⁾

Die heer Sonneveldt was hoof van die Christelike Skool in Brouwershaven, Nederland. Dr. Van Lonkhuijzen het 'n advertensie in „De Standard” geplaas vir 'n hoofonderwyser aan die Christelike Skool in Buenos Aires. Hierdie persoon sou dan ook terselfder tyd 'n stigtelike woord in die gemeente aldaar moes spreek.³⁾

-
- 1) De Hollandsche Stem, Algemeen Orgaan voor Hollanders en Hollandsch-sprekende in Argentinië, Derde Jaargang, Buenos Aires, 1 Desember 1913: Ned.Geref. Kerk te Buenos Aires.
 - 2) Rullmann, sr. ds. J.A.C., „Een geslaagde Mislukking”, Uitgawe: Zendingscentrum, Baarn, p.38.
 - 3) Ibid., p.39. Sien ook G.K.A. - Buenos Aires, Lewensskets van ds. A.C. Sonneveldt.

Ds. Sonneveldt wat hom nog altyd tot die teologie aangetrokke gevoel het,⁴⁾ het hierin 'n uitdaging gesien en op die kerkraadsvergadering van 13 Junie 1910 kon daar gerapporteer word „dat de heer A.C. Sonneveldt de benoeming ten onzent heeft aangenomen, en dadelijk den 20 Julie Nederland verlaat om tot ons over te komen”.⁵⁾

Sedert die aanvaarding van die werk tot en met sy vertrek, het die heer Sonneveldt opleiding in die preekkunde ontvang en sy gewes in die verband ook beoefen. In 'n skrywe gedateer 3 Maart 1910, skryf dr. Van Lonkhuijzen:

„hij (A.C. Sonneveldt) preekt keurig”.⁶⁾ In 'n latere skrywe skryf hy: „Sonneveldt heeft preekconsent. Hy oefent zich gedurig en preekt prachtig! Daar zult ge plesier van hebben. Hy is een heel lieve en godvrezende man, flink en practisch”.⁷⁾

In Augustus 1910, so berig Rullmann verder, het hy sy kerklike eksamen geslaag „en kreeg so een ordening als predikant”.⁸⁾ Aanvanklik sou hy die status van „voorganger” by die Gereformeerde gemeente in Buenos Aires verkry en as hoof van die „Nederlandsche School” aldaar optree.⁹⁾ Volgens die kontrak wat met hom aangegaan is, sou sy kerklike dienste daarin bestaan dat hy

- a) elke Sondag twee keer moes preek,
- b) godsdiensoefeninge aan die kinders van die gemeente moes gee,

4) Christelike Nas. Weekblad, nr. 7, 17 November 1951,

5) G.K.A. - Buenos Aires, Notule Kerkraadsvergadering, 13 Junie 1910. (p.16.)

6) Ibid., Van Lonkhuijzen, dr. J. aan 'n Broeder en suster in Buenos Aires.

7) Van Lonkhuijzen, dr. J., soos aangehaal deur J.A.C. Rullmann in a.w., p.40.

8) Rullmann, ds. J.A.C., Ibid., p.40.

9) G.K.A. - Buenos Aires, Kontrak tussen die kerkraad v/d Nedl. Geref.Kerk te Buenos Aires en die heer A.C. Sonneveldt.

- c) die kerkraadsvergaderinge moes lei,
- d) huisbesoek moes doen en
- e) voorts alles wat in sy vermoë is moes verrig om so die geestelike en sedelike bloei van die kolonie te bevoordeel.

Hierdie kontrak het net vir drie jaar gegeld maar kon met wedersydse goedkeuring hernu word. Voorts sou hy na die verstryking van die drie jaar reg op 4 maande verlof hê met vrye oortog na Nederland.¹⁰⁾

Dr. Van Lonkhuijzen sowel as die deputate, het egter geoordeel dat as die heer Sonneveldt by hulle die regte man op die regte plek blyk te wees, hy dan tot die „dienst der sacramenten geordend kan worden“.¹¹⁾

Ds. Sonneveldt is verder beskryf as 'n baie geduldige persoon, die regte man op die regte plek.¹²⁾ 'n Kollega ds. Rÿper, het hom beskryf as „een eenvoudige man. Geeft zich geheel voor elke goede zaak“.¹³⁾

Op 24 September 1910 het die heer A.C. Sonneveldt en sy gesin veilig in Buenos Aires aangekom.¹⁴⁾ Die kerkraad was gretig, nadat hulle ook berigte van dr. Van Lonkhuijzen in die verband ontvang het, om die heer Sonneveldt so spoedig moontlik as Bedienaar van die Woord te orden. Die datum wat hiervoor bepaal was, was 1 Januarie 1911.¹⁵⁾

10) G.K.A. - Buenos Aires, Kontrak tussen die Kerkraad en die heer A.C. Sonneveldt, art. 1 en 7.

11) Ibid., Van Lonkhuijzen dr. J., Brief aan die kerkraad, 19 Mei 1910.

12) Ibid., Brief aan anonieme persoon 3 Maart 1910.

13) Ibid., Rÿper ds. Brief aan Hogendorp, 9 Oktober

14) De Hollandsche Stem, 1 Desember (1912. 1913, p.76.

15) G.K.A. - Buenos Aires, Kerkraadsnotule 15 Desember 1910, art. 6.

Nadat hy 3 maande as voorganger van die gemeente werksaam was, is hy toe wettig deur die gemeente as predikant georden.¹⁶⁾ So het die heer A.C. Sonneveldt in Argentinië beland, die man wat so 'n groot rol in die kerkgeskiedenis van die Gereformeerde kerk aldaar sou speel. Rullmann sê van hom:

„Zonder Sonneveldt was die geskiedenis van die Iglesias Reformadas (Gereformeerde kerke) niet alleen anders verlopen, neen er zou zinds lang niets meer te vertellen zijn geweest. Ze waren spoorloos ondergegaan, naar mensenmaatstaf gemeten althans”.¹⁷⁾

Ons het ietwat breedvoerig rondom Sonneveldt stilgestaan omdat sy persoon, opleiding en optrede later so dikwels deur predikante van die N.G. Kerk in Suid-Afrika onder verdenking geplaas is.¹⁸⁾

Baie interessant is dit om te noem dat die heer Sonneveldt van jongs af die begeerte gehad het om na Suid-Afrika te gaan. Van Suid-Afrika moes iemand nie kwaad spreek nie. Hierdie liefde so skryf Rullmann, het seker die deurslag gegee om hom die beroep wat later deur die N.G. en Gereformeerde kerke van Chubut op hom uitbring is, te laat aanvaar.¹⁹⁾

Dit was nou hierdie man aan wie die Gereformeerdes vroeg in die jaar 1912 'n uitnodiging gerig het om hulle

16) De Hollandsche Stem, 1 Desember 1913, p.76.

17) Rullmann, ds. J.A.C. sr. „Een geslaagde mislukking”, p.38.

18) Wasserfall, ds. J.J., „Die Afrikaners in Chubut”, „Het Zoeklicht”, Februarie 1928.

19) Rullmann, ds. J.A.C. „Een geslaagde Mislukking”, p.39, 41, 43.

te kom besoek.²⁰⁾

1.2. Die N.G. kerk „ingekom by“!

Op 28 Februarie 1912 het die N.G. kerkraad vir die eerste keer weer vergader sedert die vertrek van ds. A.J. Jacobs in 1910. Op hierdie vergadering is daar aan ouderling C.J.N. Visser opdrag gegee om in Buenos Aires met òf die Gereformeerde, die Wesleyaanse òf Presbeteriaanse kerke te onderhandel ten einde 'n leraar te verkry om hulle te kom besoek.²¹⁾ In Buenos Aires het ouderling C.J.N. Visser met ds. Sonneveldt²²⁾ in aanraking gekom en die versoek van die kerkraad aan hom oorgedra. Ds. Sonneveldt het egter nie hals oor kop 'n antwoord op die uitnodiging van die N.G. kerk gegee nie. Hy skryf: „van het eerste oogenblik af begreep ik, dat ik daar voor een eigenaardigen toestand zou komen te staan”.²³⁾ Daarom het hy die versoek eers deeglik met sy kollega op Tres Arroyos, ds. A. Rolloos bespreek. Saam het hulle toe tot die konklusie gekom „namelijk, dat het, gezien de omstandigheid, dat de lidmaten der Nederduitsch Gereformeerde kerk geen uitzicht hadden op hulp van de Moederkerk en eigen leeraar, en in aanmerking nemend, dat beide kerken geheel dezelfde belijdenis hebben, geoorloofd is om onder toezicht van den kerkeraad en met handhaving der tucht overeenkomstig Gods Woord, ook aan die

20) Sonneveldt, ds. A.C. Brief aan de heer A.Rosing, Kaapstad, 20 Jan. 1932, Sien ook „Kerkblad voor Z.A.”, Julie 1930, „Waarheid in Chubut” (5).

21) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, notule 28 Februarie 1912, art. 8.

22) Na die vertrek van ds. Jacobs het C.J.N. Visser met ds. L.P. Vorster in verbinding getree vir hulp en raad m.b.t. geestelike bediening aldaar. Ds. Vorster het hom na ds. Sonneveldt verwys - „Het Kerkblad”, 20 Maart 1928.

23) Kerkblad voor Z.Amerika, Julie 1930, Jrg. 4, 228. „Waarheid in Chubut” (5).

broeders en zusters de Sacramenten te bedienem".²⁴⁾
Gesien hulle geestelike nood, so skryf hy elders, het
hy toe met liefde aan die versoek voldoen.²⁵⁾

Dit is in die verlede nog steeds so weergegee asof die
besoek van ds. Sonneveldt die gevolg was van die verant-
woordelikeidsbesef van die N.G. Kerk in Chubut t.o.v.
geestelike sake.²⁶⁾ As Conradie hieroor aan ds. H.

Beets skryf dan sê hy:

„is UEd. bewust ervan dat de gemeente der Gerefor-
meerde leden hier nooit gesticht was als een
gemeente, maar slechts „ingekomen is" by, en haar
geestelik leven feitlik te danken heeft aan de Grootere
Zuster Gemeente!"²⁷⁾ Dit het ook gegeld, so het hy
geskryf, van die uitnodiging aan ds. Sonneveldt en sy
koms na Chubut.²⁸⁾

Die feite is egter net andersom. Dit was die Gerefor-
meerdes wat eerste handelen opgetree het en die uitno-
diging aan ds. Sonneveldt gerig het.²⁹⁾ Hy het daarna
besluit om 'n besoek aan die Gereformeerdes te bring.
Dit was vir hom egter 'n vraag of hy sonder meer die
sakramente aan die lidmate van die N.G. kerk kon be-
dien. Hy het dus in die eerste plek gegaan t.w.v.
die Gereformeerdes van wie hy ook eerste die versoek
om te kom, ontvang het. In hierdie geval was dit dus

-
- 24) Kerkblad voor Zuid-Amerika, Julie 1930, Jrg. 4,
„Waarheid in Chubut" (5).
25) G.K.A. - Buenos Aires, Sonneveldt, ds. A.C., aan
den heer A. Rosing, Kaapstad, 20 Januarie 1932.
26) Lückhoff, ds. A.D., a.w., p.30. Sien ook Wasser-
fall, ds. J.J. in Afrikaners in Chubut, „Het
Zoeklicht", Februarie 1928.
27) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,10/1. Conradie, F.D.,
a.w., p.9.
28) Ibid., p.9.
29) G.K.A. - Buenos Aires, Sonneveldt ds. A.C., aan
A. Rosing, Kaapstad, 20 Januarie 1932.

nou die N.G. kerk wat „ingekomen is“, by en „haar geestelĳk lewen“, vir bykans 12 jaar aan die Gereformeerde kerk te danke sou hê.

Op die koms van ds. Sonneveldt het die N.G. kerkraad, sowel as die Gereformeerdes hulle voorberei. Na die kerkraadsvergadering op 28 Februarie 1912, het die kerkraad van die N.G. kerk aan die Saakgelastigde van die N.G. kerk in Suid-Afrika geskryf dat daar reeds weer gekollekteer word deur een van die N.G. ouderlinge en 'n vriend, 'n lidmaat van die Geref. kerk wat reeds baie bygedra het, om die kerkgebou te voltooi.³⁰⁾ Dit skyn dus asof hulle 'n gesamentlike poging wou aanwend om die halfklaar kerkgebou op Comodoro Rivadavia te voltooi voor die koms van ds. Sonneveldt. Hierin het die kiem van samewerking tussen die twee kerke hom reeds openbaar.

1.3. Sy eerste besoek

Ds. Sonneveldt en sy vrou het teen die einde van Desember 1912 in Comodoro Rivadavia vir 'n verblyf van ses weke aangekom. Hy het die hele kolonie deurreis: „met een vierwielig open rijtuig met vier paarden“.³¹⁾ In die tyd het hy soos reeds vroeër vermeld, 25 keer by openbare geleenthede die Woord van God bedien, 12 keer by huisgodsdiensoefeninge, 60 kinders gedoop, 8 keer die Heilige Nagmaal bedien en 11 persone belydenis van die geloof laat aflê.³²⁾

30) N.G.K.A. - Kaapstad, G.80,1/1, Ongedateerde brief aan die „Zaakgelastigde der N.G. Kerk in Z.A.“.

31) Christelĳke Nas. Weekblad, nr. 7, 17 Nov. 1951.

32) Kerkblad voor Zuid-Amerika, Jrg. 4, Julie 1930, „Die Waarheid in Chubut“.

Die ontvangs van ds. Sonneveldt was hartelik. Daar was 'n honger en dors na die verkondiging van die Woord. Daar was mense, so skryf ds. Sonneveldt, wat 7 jaar tevore onder die verkondiging van die Woord van God verkeer het en: „meer dan ik zelf toen vermoedde, was mijn bezoek en arbeid voor ons volk het voldoen aan een schreiende behoefte”.³³⁾

Daar was ook groot dankbaarheid. „Een der ouderlingen dankte met bewogen stem voor den volbrachten arbeid”³⁴⁾ Maar ds. Sonneveldt moes weer na Buenos Aires terugkeer. Die mense in Chubut was egter nie tevrede met net hierdie een besoek nie. Hulle het die verlange uitgespreek dat indien moontlik so 'n besoek jaarliks moet plaasvind. T.o.v. 'n sodanige reëling het ds. Sonneveldt met hulle voorlopige same-sprekinge gevoer.³⁵⁾

1.4. Dit lei tot samewerking

En so het dit gebeur dat daar a.g.v. hierdie eerste besoek van ds. Sonneveldt „in dit afgelegen oord een zekere samewerking ontstond, welke alleen ten doel had, om in de geestelike behoeften van alle Afrikaners te voorzien”.³⁶⁾ Hierdie samewerking tussen die twee kerke het 'n nuwe fase ingelui in die kerkgeskiedenis van die Afrikaners in Argentinië. 'n Vergadering van beide kerkrade is belê vir die 1ste Maart 1913 op die plaas Good-hope.³⁷⁾ Van die

33) Kerkblad voor Zuid-Amerika, Jrg. 4, Julie 1930, „Waarheid in Chubut” (5) deur A.C. Sonneveldt.

34) Sonneveldt, ds. A.C., aan de Dept. der Geref. Kerken in Nederland voor de behartiging der belangen van de geloofs- en stamverwanten in Argentinië, 18 Junie 1913.

35) Ibid.

36) Sonneveldt, ds. A.C., aan den heer A. Rosing, Kaapstad, 20 Januarie 1932.

37) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, notule 1 Maart 1913.

N.G. kerkraad was brs. C.J.N. Visser en Tjaart van der Walt as ouderlinge teenwoordig en as diakens br. W. Cook en C. Yeats. Van die Gereformeerde kerkraad was brs. F. Venter en S. Venter as ouderlinge teenwoordig en as diakens brs. D. Venter en A. Kruger. As voorsitter van die vergadering is br C.J.N. Visser verkies. Op navraag van die voorsitter wat die doel van die vergadering was, is geantwoord dat die vergadering belê is „ten einde de zaak van de kerkgebouw te Comodoro Rivadavia te bespreek ook om de zaak van samewerking van de twee gemeentes alhier te bespreek".³⁸⁾ Die saak van die „samewerking" het toe voorrang op die agenda geniet en „Er werd algemeen besloten samen te werken".³⁹⁾

Hierna moes daar egter 'n basis vir samewerking gevind word. Na lang bespreking en nadat verskeie voorstelle ingedien is, is besluit: „dat beide Kerkraden besluit samen te werken zoover mogelijk tot bevordering van het Geestelik belang van de beide Gemeentes, met de verstandhouding echter dat ieder zijn afzonderlik werk sal doen".⁴⁰⁾

Elke kerkraad sou dus selfstandig handel en optree t.o.v. sy eie huishoudelike aangeleenthede. Slegs met die oog op die voorsiening van Woord- en sakramentsbediening sou hulle saamwerk. Indien 'n spesiale gekombineerde vergadering gehou moet word, sal die een voorsitter egter aan die ander kennis gee.⁴¹⁾

38) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, notule 1 Maart 1913.

39) Ibid., art. 3.

40) Ibid., art. 5.

41) Ibid., art. 5.

Vervolgens is daar besluit om kollektelyste te laat sirkuleer om 'n tweede besoek van ds. Sonneveldt te verwesenlik en sy „salaris” te dek.⁴²⁾

By die volgende „gekombineerde kerkraadsvergadering” het dit geblyk dat die kollektelyste 'n bedrag van 1381 pesos opgelewer het. Dit is + R270.⁴³⁾ Daar is toe besluit om ds. Sonneveldt in 1914 vir 'n periode van 4 maande na Chubut te laat oorkom. Hy is 'n „salaris” aangebied van 1600 pesos wat sy onkoste ook ingesluit het.⁴⁴⁾ Die kerkraad was ook van mening dat die geskikste tyd met die oog op die arbeid vanaf 20 Januarie tot 20 Mei sal wees. Hy sal dienooreenkomstig in kennis gestel word. In Augustus 1913 het die kerkraad 'n antwoord van ds. Sonneveldt ontvang. Dit het geblyk dat ds. Sonneveldt „eenige bezwaar over de tijdperk” gehad het. Hierop is daar toe voorgestel om aan ds. Sonneveldt te berig dat die uitnodiging en aanbod van die kerkraad vir twee jaar geld.⁴⁵⁾

I.v.m. hierdie voorstelle het ds. Sonneveldt aan die deputate in Nederland geskryf dat daar baie daarvoor, maar ook daarteen in te bring is. Hy is van mening dat as dit 'n permanente reëling word, hy van die skoolarbeid behoort losgemaak te word. Hy kan dan in die 8 maande wat hy in Buenos Aires is, meer doen as wat hy tans as hoof van die skool sowel as predi-

42) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, notule 1 Maart 1913.

43) Ibid., notule Gekombineerde kerkraadsvergadering 10 April 1913.

44) Ibid., art. 4.

45) Ibid., notule van Gesamentlike kerkraadsvergadering, 13 Augustus 1913.

kant kan verrig, aangesien hy tans elke dag aan die skool verbonde is. Hy meld ook dat dit die ideaal is om die leraar heeltemal vry te kry vir die herderlike arbeid. Hierdie aanbod van Chubut maak dit egter moontlik dat hierdie ideaal bereik kan word, want finansieel word die las nou ligter vir die deputate en kan hulle 'n aparte persoon as hoof aanstel. Ds. Sonneveldt het met sy voorstelle die deputate tot sy sienswyse oorgehaal en hy sou voortaan slegs as herder en leraar in Argentinië optree.⁴⁶⁾

1.5. Sy tweede besoek - 1914

So is ds. Sonneveldt dan vir die tweede keer na Chubut. Hierdie keer sou die besoek heelwat langer duur as die eerste besoek, nl. 16 weke. Gedurende hierdie 16 weke het hy die Woord van God by 43 openbare geleenthede verkondig, 32 maal by huisgodsdiensoefeninge, 43 kinders gedoop, 11 keer die heilige Nagmaal bedien en 4 persone belydenis van die geloof laat aflê.⁴⁷⁾

Intussen het 'n hele paar faktore meegewerk om die geestelike fokuspunt van Buenos Aires na Chubut te verskuif. Terwyl ds. Sonneveldt in Chubut was, het hy verneem dat daar 'n hele aantal lidmate uit Buenos Aires vertrek het. Menslik gesproke het dit gelyk asof die gemeente van Buenos Aires besig is om onder

46) Sonneveldt, ds. A.C., aan de Deput der Geref. Kerken in Nederland, voor de behartiging der belangen van de geloofs- en stamverwanten in Argentinië, 18 Junie 1913.

47) Kerkblad voor Zuid-Amerika, Jrg. 4, Julie 1930, „Waarheid in Chubut“.

te gaan. Voorts was sy kontrak met die gemeente in Buenos Aires byna verstreke. Intussen het die skool in Buenos Aires ook 'n nuwe hoof uit Nederland gekry t.w. 'n sekere H. Hogendorp. In Chubut het die ver-
lange ook al sterker geword om 'n eie herder en leraar te hê.⁴⁸⁾ Dit het ds. Sonneveldt laat vra:

„Wat zal de weg des Heeren zijn met de Zijnen in Argentinie. Op het oogenblik lijkt het duister. Zou het soms zijn dat er voortaan een „rondreizen leraar zal zijn voor Buenos Aires, Rosario, Chubut en andere plaatsen? Zou Chubut soms een eigen leeraar onderhouden ('t zij uit Afrika of Holland) en zou het soms mogelijk zijn met steun van Holland en Noord-Amerika nog een leeraar te krijgen voor het Noorden van Argentinie, dat is voor Buenos Aires, Rosario ens.? Ik denk wel eens, dat het den laasten weg op zal gaan“.⁴⁹⁾ Oor hierdie opset het hy seer seker ook met die mense in Chubut gesels. Ook het hy hom baie aangetrokke gevoel tot die Afrikaanse volk en tot die arbeid onder hierdie mense.⁵⁰⁾

1.6. Ds. Sonneveldt beroep

Die gevolg was dat ds. Sonneveldt op 'n „Speciale gesamenlike kerkraadsvergadering“ op 14 Mei 1914 eenparig as herder en leraar beroep is teen 'n „salaris“ van 2500 pesos per jaar. Voorts sou die kerkraad ook 400 pesos aan ds. Sonneveldt vir reiskoste betaal.⁵¹⁾

48) Sonneveldt, ds. A.C., aan die kerkraad van die Geref. Kerk Buenos Aires, 27 Maart 1914, sien ook Kerkblad voor Zuid-Amerika, Jrg. 4, Augustus 1930.

49) Sonneveldt, ds. A.C., aan den Kerkraad der Ned. Geref. Kerk te Buenos Aires, 27 Maart 1914.

50) Kerkblad voor Zuid-Amerika, Jrg. 4, Augustus 1930, „Waarheid in Chubut“ (6).

51) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, notule 14 Mei 1914, art. 1 tot 5.

Die kerkraad het verder ook besluit om ds. Sonneveldt vir 'n tydperk van 5 jaar te beroep.⁵²⁾ Aangesien ds. Sonneveldt se kontrak op hierdie stadium met Buenos Aires verstreke was, sou hy eers met verlof na Nederland vertrek.⁵³⁾ Die Klassis Buenos Aires het dan ook die losmaking van ds. Sonneveldt geapprobeer „en dat te gereeder omdat genoemde broeder een officieele beroeping naar Chubut ontving, met dien verstande dat ds. A.C. Sonneveldt als leeraar met verlof van Buenos Aires aangemerkt blyft tot op de ure der beslissing of in Nederland te blijven of de beroeping naar Chubut op te volgen zoodat eerst dan B.A. de acte van ontslag zal kunnen afgeven“.⁵⁴⁾ Nadat die Klassis die „aspirantien“ aangehoor het wat gelei het tot sy losmaking van die gemeente van Buenos Aires „spreekt de classis uit, dat onder bidden opzien naar boven, ds. A.C. Sonneveldt besluiten moege de roeping naar Chubut op te volgen te meer daar dan ook de beide gemeenten van Chubut met ons in classicaal verband souden kunnen leven“.⁵⁵⁾

So het die gemeente op Sondag 21 Junie 1914 van ds. Sonneveldt afskeid geneem na 3¹/₂ jaar se verbintenis. Sy afskeidstekes by die geleentheid was Jes. 53 : 10 (slot) : „Het welbehagen des Heeren zal door zijne hand

52) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, notule 14 Mei 1914, art. 3. Die tydsbepaling van 5 jaar gaan egter teen die beginsels v/d Presbeteriale kerkregeringstelsel in. Dit wil voorkom asof die 5 jaar meer gesien het op die periode waaroor daar ooreengekom is met die oog op samewerking.

53) Kerkblad voor Zuid-Amerika, nr. 42, Augustus 1930, „Waarheid in Chubut“.

54) G.K.A. - Buenos Aires, notule v/d vergadering der Classis Buenos Aires, 17 Juni 1914, gehouden te Buenos Aires, art. VI.

55) Ibid., art. IX.

gelukkiglik voortgaan". By hierdie geleentheid is gesê „slechts noode laat de gemeente hem gaan". As dit so is dat ds. Sonneveldt die beroep na Chubut opvolg is daar egter die vooruitsig dat hulle hom van tyd tot tyd tog weer sal sien.⁵⁶⁾ En so het ds. Sonneveldt dan eers na Nederland vertrek.

In Oktober 1914 het Chubut die blye tyding ontvang dat ds. Sonneveldt besluit het om die beroep daarheen op te volg!⁵⁷⁾ Hierop het die kerkraad van Buenos Aires toe akte van ontslag aan ds. Sonneveldt verleen,⁵⁸⁾ en dienooreenkomstig ook aan die Klassis Buenos Aires berig.

Intussen was daar egter 'n onverklaarbare saak. Op 2 November 1914 skryf ds. Sonneveldt uit Rotterdam aan die heer Hogendorp: „een paar dagen geleden ontving ik een telegram uit Chubut om voorloopig niet te komen. Er was ten oorzake van den oorlog geen geld."⁵⁹⁾

Dit wil egter voorkom asof dit Hogendorp self was wat hierdie telegram gestuur het. Op 3 Julie 1914, na die vertrek van ds. Sonneveldt, het hy 'n brief aan br. F.J. Venter gerig waarin hy hom bereid en gewillig verklaar het om as onderwyser na Chubut te kom. Op 24 September 1914 eers het F.J. Venter hom op sy brief geantwoord. In sy antwoord maak hy daarvan melding dat a.g.v. sneeustormskade, ook a.g.v. die

56) G.K.A. - Buenos Aires, Verslag afskeid, ds. Sonneveldt, 27 Junie 1914.

57) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, notule 6 Januarie 1915, art. 1.

58) Sien Bylaag 3.

59) Sonneveldt, ds. A.C., aan H. Hogendorp, Rotterdam, 2 November 1914.

„zwarte oorlogs golf die thans over Eropā rollen waar-
door alle handel self ook hier en Padagonia geheel en
al stil staad dink ik hoe noodig een bekwame onder-
wyzer hier ook al is dat het voor het ogenblik niet
mogelyk zal zijn een onderwyzer met en Predekant te
onderhouden aangezien dat die Boeren niets verkoopē
kunnen”.⁶⁰⁾ Dit wil dus voorkom asof Hogendorp uit
moontlike afguns en kleinsieligheid by die ontvangs
van hierdie skrywe, die telegram aan ds. Sonneveldt
gestuur het. Die berig van die telegram is tot groot
ontsteltenis van die kerkraad ontvang want die kerk-
raad het nooit so ’n besluit geneem nie. Daar is toe
deur die kerkraad besluit om dadelik ’n kabel aan ds.
Sonneveldt te stuur om so gou as moontlik te kom.⁶¹⁾
’n Kommissie vir die ontvangs van ds. Sonneveldt is
ook toe saamgestel.⁶²⁾

In ’n brief gedateer 18 Februarie 1915 het die kerk-
raad berig ontvang dat ds. Sonneveldt die 3de Febru-
arie 1915 uit Nederland vertrek het.⁶³⁾ Op die 10de
Maart 1915 was ds. Sonneveldt die gas van die kerk-
raad te Buenos Aires. Hy het dus toe reeds in Argē-
tinië aangekom. Die kerkraad het by hierdie geleent-

-
- 60) Venter, F.J., aan H. Hogendorp, 24 September
1914, G.K.A. - Buenos Aires.
61) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, notule 6 Januarie
1915, art. II en III.
62) Ibid., art. VIII.
63) G.K.A. - Buenos Aires. Brief van kerkraad v/d
Gereformeerde kerk Buenos Aires aan die Gerefor-
meerde kerkraad in Chubut, 18 Februarie 1915.

heid die versoek aan hom gerig om finansiële steun vir die gemeente Buenos Aires, by Chubut te probeer verkry. Op Sondag, 20 Maart 1915, is daar finaal van hom afskeid geneem.⁶⁴⁾

Dit was 'n blye dag toe hy en sy gesin die 8ste April 1915 veilig in Comodoro Rivadavia aangekom het. Met groot blydskap is hulle deur die kerkraad ontvang. 'n Adres is namens die kerkraad en gemeente aan hom oorhandig en Psalm 134 : 3 is hulle as seënbede toegesing.⁶⁵⁾

1.7. Die regte perspektief

Tog is die laaste woord oor die samewerking nog nie gesê nie. Ons moet in gedagte hou dat die Gereformeerdes nog steeds begerig was om, sodra Buenos Aires 'n vaste predikant kry, deur hom bedien te word. Hulle is dan ook deur ds. Sonneveldt tydens sy eerste besoek in 'n gemeente georganiseer.⁶⁶⁾ Uit die aard van die saak sou hulle in 'n baie nouer betrekking tot ds. Sonneveldt staan as tot die N.G. kerk. Die samewerking het die Gereformeerdes egter nie van hierdie begeerte laat afsien nie. Die N.G. kerk het immers t.o.v. die samewerking voorgestel dat dit slegs sal geskied tot bevordering van die geestelike belang van beide gemeentes, met die verstandhouding egter dat elkeen sy afsonderlike werk sal doen.⁶⁷⁾ Hiervan het egter by die N.G. kerk niks tereg gekom nie. Hulle

64) G.K.A. - Buenos Aires, notule van die kerkraad, 10 Maart 1915.

65) Ibid., Eerste verslag aan Deputate van Noord-Amerika en Nederland voor Argentinië.

66) Kerkblad voor Zuid-Amerika, Jrg. 4, Julie 1930.

67) G.K.A. - Comodoro Rivadavia, notule 1 Maart 1913, art. 5.

het sedert 1912 tot en met die twintiger jare nooit 'n kerkraadsvergadering gehou nie, maar slegs „ingekom by” die Gereformeerdes en die vergaderings het toe „Gekombineerde kerkraadsvergaderings” geword. Hulle besluit wel om gesamentlik ds. Sonneveldt te beroep, maar die beroepsbrief gaan uit van die Gereformeerde Kerk Chubut.⁶⁸⁾ Die „gesamentlik” het slegs betrekking gehad op sy „salaris”. Hulle sou „gesamentlik” daarvoor instaan. En so skryf ds. Sonneveldt, kon Chubut sy tweede vaste predikant kry danksy die samewerking.⁶⁹⁾

Dit staan vas: ds. Sonneveldt is deur die Gereformeerde kerk van Chubut beroep. En so skryf Rullmann: „de Nederduits Gereformeerde kerk stuurde met de beroepsbrief een magtiging mee om ook in deze kerk Woord en Sacramenten te bedienen”.⁷⁰⁾ Dit het die N.G. kerk sonder medewete of advies van die „Moederkerk” in Suid-Afrika gedoen.

Die praktyk het egter so ontwikkel dat ds. Sonneveldt nie 'n dubbele optrede verrig het nie, maar wanneer hy Woord en Sakrament bedien het, het hy dit gelyktydig aan lidmate van beide gemeentes bedien. Hierdie openbare godsdiensoefeninge, so skryf ds. Sonneveldt „worden naar Geref. trant gehouden, dus geen gezange”.⁷¹⁾ Ds. Sonneveldt het een ideaal gehad nl. dat die twee kerke hulle moes verenig. Hiervoor het hy hom beywer. Hierdie ideaal het egter jare later

68) G.K.A. - Buenos Aires, Akte van Losmaking. Sien Bylaag 3.

69) Kerkblad voor Zuid-Amerika,

70) Rullmann, ds. J.A.C. sr. „Een geslaagde Mislukking”, p.79.

71) Sonneveldt, ds. A.C., Eerste verslag aan Deput van Noord-Amerika en Nederland voor Argentinië.

eers verweselik geword, in 1954, nadat die gemeente Spaanssprekend geword het.⁷²⁾

So het ds. Sonneveldt vir bykans 10 jaar die geestelike bearbeiding van die Afrikaners in Chubut waargeneem.

In sover die mens instrument in Gods hand is om sy werk op aarde te doen wil ons saamstem met die waarderende woord van Rullmann: „dat de twee kerken daar niet ondergingen, is alleen aan Sonneveldt's arbeid te danke”.⁷³⁾

2. Samevattende oorsig

Dit was ds. L.P. Vorster wat in 1903 die kerklike lewe van die Afrikaners in Argentinië op 'n hegte grondslag geplaas het met die instituering van die „Gemeente Chubut”.

Die instituering van hierdie gemeente, al was die geldigheid daarvan ontken, het telkens weer die koers en die rigting in die kerklike lewe in Argentinië bepaal. Hoe daar ook al gepoog is om hierdie daad uitgevee te kry, en 'n N.G.-gemeente daar te vestig, verbind aan die Moederkerk in Suid-Afrika, is die gedagtes van ds. L.P. Vorster en die Gereformeerdes t.o.v. die kerklike lewe in Argentinië sedert 1913 met die samewerking bestendig: 'n selfstandige Gereformeerde kerk in Suid-Amerika.

In 1915 was hierdie gedagtes nog nie ten volle uitgekristalliseer nie. Wel het die Gereformeerde kerk van Chubut in 1916 tot die Klassis Buenos Aires toegetree

72) Rullmann, ds. J.A.C., „Een geslaagde Mislukking”, p.84.


73) Ibid., p.43.

en skryf ds. Sonneveldt dat ook die N.G.-gemeente die vrugte van die Klassikale verband sal geniet. Die toetrede van die N.G.-gemeente is wel oorweeg, maar daarmee is eers gewag in die verwagting dat die twee kerke een sou word.

Al was die eenwording in 1915 nog nie in sig nie, is daar tog reeds ver gevorder op die pad van 'n eie Gereformeerde kerkverband in Suid-Amerika. Maar miskien nog belangriker as dit: die Gereformeerde Protestantisme het 'n vastrapplek in die oorwegend Roomse kontinent gekry.

In ds. Sonneveldt het die Here inderdaad aan Suid-Amerika 'n kostelike gawe gegee wat as instrument in Sy hand tot die selfstandigheid en die vorming van 'n eie kerkverband sou meewerk. Hoe die mens ook al wik, God die Stigter en Onderhouer van Sy kerk, waak daaroor en stuur dit in gebaande weë ooreenkomstig Sy raad. Na 58 jaar het die Gereformeerde kerke in Argentinië 'n selfstandige kerkverband gevorm en kan die „Iglesias Reformadas en la Argentina" (Die Gereformeerde Kerke in Argentinië) soos die kerke tans in Argentinië bekend staan, die lig van die reformasie in die deel van die „Derde Wêreld" laat skitter. Ja, God waak self oor Sy eie stigting, en sorg vir Sy eer!

Dit kan nêrens mooier gesien word as in die kerkgeskiedenis nie, ook in die kerkgeskiedenis van die Afrikaners in Argentinië.



BYLAES.